


# HUIS CORA

## PROSPEKTUS 2025

ELNATAN

GOD VOORSIEN



# INHOUDSOPGAWE


| | |
|---|---|
| **KOSHUISGESKIEDENIS** | 3 |
| **DOELSTELLING** | 3 |
| **BESTUUR** | 4 |
| 1. KOSHUISMOEDER | 4 |
| 2. JUNIOR MATRONE | 4 |
| 3. ANDER DIENSPERSONEEL | 5 |
| **TOELATING TOT DIE KOSHUIS** | 5 |
| **KOSHUISREËLS** | 5 |
| 1. GEDRAGSKODE | 6 |
| 2. INSPEKSIES | 7 |
| 3. STILTE | 7 |
| 4. ETES | 7 |
| 5. SIEKTE / BESERINGS | 8 |
| 6. SELFONE | 8 |
| 7. BEURSIES | 8 |
| 8. KOSKAS | 9 |
| 9. UITSLAAP | 9 |
| 10. BUSSE | 9 |
| 11. SPEELGOED | 9 |
| 12. TOEGANG TOT DIE KOSHUIS | 9 |
| 13. BESOEKE EN VERLAAT VAN TERREIN | 10 |
| 14. ALGEMEEN | 10 |
| **EIENDOM** | 11 |
| 1. KOSHUISEIENDOM | 11 |
| 2. PERSOONLIKE EIENDOM | 11 |
| **TYDROOSTER** | 12 |
| **BENODIGDHEDE** | 13 |
| **FOTO'S** | 15 |
| 1. KOSHUIS | 15 |
| 2. PRET BY HUIS CORA | 16 |

## KOSHUISGESKIEDENIS

Sedert die ontstaan van Elnatan is alle seuns van Graad 1 tot 12 in Huis Frikkie en alle dogters by Huis Hessie gehuisves. In 2004 het die Direksie besluit om die junior primêre leerlinge uit die twee koshuise te onttrek, omdat die getalle te groot geraak het en omdat dit opvoedkundig meer sin gemaak het. In die tweede helfte van 2004 het die bouwerk aan Huis Cora begin. Aangesien daar ook te min klaskamers was, het die direksie besluit om nie net ’n koshuis vir junior primêre leerlinge te bou nie, maar om ook nuwe klaskamers te bou. Daar is besluit om dit te integreer, sodat die kleiner kinders hul eie, veilige omgewing het waarin hulle kan skoolgaan en woon. Aan die begin van 2005 het die junior primêre leerders by hul nuwe skool en koshuis ingetrek. Dit was ’n ongelooflike mylpaal vir die skool.

Mev Cora O’Callaghan was van vroeg af die tweede moeder van die junior primêre leerlinge toe nog inwoners in Huis Hessie en Huis Frikkie. In 2005 het sy saam met hulle na die nuwe koshuis geskuif en daar het sy haar toegewy aan hierdie kinders: om hulle so gelukkig as moontlik te maak. Sy het hulle opgevoed, geestelik gevoed, hulle laat speel, fisies versorg en elke dag gehelp met skoolwerk. Sy het nie net trane afgevee nie, maar ook aan mammas en pappas gemoedsrus gegee. Huis Cora is dus vernoem na hierdie merkwaardige “moeder” wat Privaatskool Elnatan se leerders met soveel toewyding versorg het.

## DOELSTELLING

Huis Cora streef daarna:

- om ’n veilige en liefdevolle tuiste weg van die huis op die platteland te skep.
- om selfstandigheid, dissipline en verantwoordelikheid te kweek.
- om ’n atmosfeer van geborgenheid, tevredenheid en aanvaarding te skep.

In Huis Cora leer ons om te speel, droom en in onsself en ons Skepper te glo.

# BESTUUR

## 1. KOSHUISMOEDER

Die koshuismoeder tree op as die uitvoerende bestuur van die koshuis en inwonende leerders. Alle navrae kan aan die koshuismoeder gerig word.

Me Zuretha Horn
081 407 7895



## 2. JUNIOR MATRONE

Saam met die koshuismoeder sien die junior matrone om na die inwonende leerders se persoonlike, emosionele- en sosiale welstand.

Mev. Janine Esterhuyzen

081 763 6346



## 3. ANDER DIENSPERSONEEL

Huis Cora volg ŉ rotasie-model vir diensbeurte. Dit behels dat ŉ personeellid een maal ŉ week en elke vierde naweek aan diens is.

Me Susanne du Toit
081 607 3124



Me Chrizelle Roux
081 858 0603



# TOELATING TOT DIE KOSHUIS

Aansoek om toelating tot die koshuis moet op die voorgeskrewe inskrywingsvorm gedoen word.

ŉ Leerder kan toelating tot die koshuis geweier word indien:

- sy gedrag van so ŉ aard is dat dit indruis teen ŉ behoorlike peil van sedelikheid en/of die sosiale welsyn van die skool of koshuis in gevaar stel.
- Hy/sy herhaaldelik reëls oortree.
- Hy/sy, na die mening van die hoof en beheerliggaam, een enkele daad of reeks dade van laakbare aard begaan.

# KOSHUISREËLS

Koshuisreëls is noodsaaklik vir die handhawing van goeie dissipline en orde. Die leerders se gedrag moet te alle tye onbesproke wees. By Elnatan betoon ons respek teenoor personeel, skoolmaats en werkers.

Aangesien die effektiewe werking van ŉ koshuis op dissipline, samewerking en spangees berus, is dit vanselfsprekend dat reëls streng toegepas word. Ouers word vriendelik versoek om hul volle ondersteuning in dié verband te gee.

## 1. GEDRAGSKODE

Ek besef dat dit ŉ voorreg is om my skoolloopbaan by Privaatskool Elnatan voort te sit en daarom belowe ek om:

- my beste vir die skool te lewer;
- hoë prioriteit aan my skoolwerk te gee en
- die skoolreëls te alle tye te gehoorsaam.

Ek beroep my op die respek en verdraagsaamheid van my onderwysers en daarom beloof ek om my beste vir onderwysers te gee deur:

- stiptelik vir my klasse en buitemuurse aktiwiteite te wees.
- opdragte i.v.m. die akademie getrou en tot die beste van my vermoë uit te voer.
- te alle tye respek aan meerderes en onderwysers te betoon.
- die gesag bo my aangestel, te respekteer.

Privaatskool Elnatan het ŉ waardige naam en geskiedenis en daarom onderneem ek:

- om ongeag waar ek is, so op te tree dat die skool se goeie naam nie skade ly nie.
- om die beeld van die skool uit te dra en te bevorder.
- om eiendom van die skool en ander instansies te respekteer en op te pas.
- om ŉ voorbeeld te stel met my optrede en taalgebruik binne en buite die skoolgronde.
- om skoolaktiwiteite ten volle geklee in my skooldrag by te woon soos in die skoolreëls voorgeskryf.
- om aanvaarbare kleredrag en voorkoms op die skoolgronde, -uitstappies en -toere te handhaaf.

Ek is ŉ individu in eie reg en daarom sal ek:

- my weerhou van enige negatiewe gedrag, skinder en kwaadpraat van onderwysers, ouers en mede-skoliere.
- my maats ondersteun en saam bou aan die Elnatan-beeld.
- bedagsaamheid teenoor my minderes toon.
- streef om eerlikheid, vriendelikheid en stiptelikheid uit te leef.
- beginsels waarop die skool gevestig is, te alle tye uit leef en ŉ voorbeeld vir mede-skoliere wees.

Ek besef dat dissipline nie daar is om my te beperk nie, maar wel 'n veilige ruimte skep waarin ek as individu in totaliteit kan ontwikkel en daarom onderneem ek om:

- die skoolreëls te bestudeer, te respekteer en tot die beste van my vermoë na te kom.
- my te onderwerp aan die dissiplinêre kode wanneer nodig.
- in alle opsigte 'n onberispelike voorbeeld te stel.

Privaatskool Elnatan gee 'n ereplek aan God en Sy Woord. As 'n leerling van hierdie skool bely ek 'n Christelike lewe en strewe soos in die Woord weerspieël. Ek glo om die Here te dien, is wysheid. Ek onderneem om niks te doen wat hierdie grondslag sal weerspreek of skade berokken deur my optrede binne en buite die skool nie.

## 2. INSPEKSIES

- Terwyl inwoners sport in die middag bywoon, moet kamers netjies gelaat word.
- Gereelde kamerinspeksies sal deur diensdoende personeel uitgevoer word.

## 3. STILTE

- Daar is elke dag 2 stiltesessies vir Bybelstudie: 'n oggend- en aandsessie. Die personeellid aan diens behartig Bybelstudie in die aande en soggens lees die ouer leerders vir die res van hul kamermaats uit hul Bybels.
- Dit is belangrik dat die leerders hierdie stiltetyd respekteer en mede-leerders geleentheid gee om godsdiens te beoefen.

## 4. ETES

Die leerders ontvang 3 gebalanseerde etes per dag. Afgesien van die etes, kry leerders die geleentheid om lekkernye by die snoepie te koop. Leerders mag ook hul eie peuselgoed in hulle koskas eet. Leerders se koskas word in die koskamer toegesluit en word deur die junior matrone oopgesluit op die vasgestelde dae en tye wat koskas toegelaat word.

- Etenstye:

| | Oggend | Middag | Aand |
|---|---|---|---|
| Normaal | 6:15 | 13:00 | 17:45 |
| Eksamentyd | 6:45 | 12:00 | 17:45 |

- Die personeellid aan diens is tydens alle etes teenwoordig.
- Geen koffie/tee/koeldrank/water mag in bottels gegooi word om later te drink nie.
- Geen eetgerei of kos, behalwe vrugte, mag uit die eetsaal verwyder word nie.

- Leerlinge dek alle skottelgoed self af.
- Alle leerlinge moet te alle tye netjies geklee wees. Niemand mag sonder skoene in die eetsaal wees nie.
- ŉ Tafelgebed word voor elke ete gedoen.
- Die tafelmaniere van leerlinge moet te alle tye onberispelik wees.
- Daar mag geen kos gegooi, gemors of mee gespeel word nie.
- Toesighouers verlaat die eetsaal laaste sodat hul kan toesien dat die eetsale netjies agtergelaat word.

## 5. SIEKTE / BESERINGS

- Ouers mag nie ‘n siek kind by die koshuis los nie.
- Ouers word dadelik in kennis gestel indien ‘n kind baie siek is.
- Ouers maak self afsprake by ‘n dokter. Indien u kan, neem u self u kind, anders neem die personeellid aan diens u kind na die dokter en onkostes word van die ouer verhaal.
- Ouers sal gebel word na die doktersbesoek.

## 6. SELFONE

- Alle selfone word Maandagoggende voor skool ingegee by die matrone. Kinders ontvang dit Dinsdae en Donderdae op vasgestelde selfoontye: 16:15 – 17:00.
- Alle selfoonlaaiers word ook gemerk en saam met die selfoon by die matrone ingegee.
- Geen ouer bel ’n kind op ’n personeellid se selfoon nie.
- Slegs vir noodgevalle word personeel na 20:00 gekontak.

## 7. BEURSIES

- Beursies moet duidelik gemerk wees met die kind se naam op.
- Beursies word Maandae voor skool saam met die selfone en koskas by die matrone ingehandig.
- Beursies word uitgedeel tydens snoepietyd.
- Moet asseblief nie te veel geld vir kinders gee nie.
- Personeel neem geen verantwoordelikheid vir geld wat nie ingehandig word nie.

## 8. KOSKAS

- Moet ’n slot aan hê.
- Moet gemerk wees.
- Kinders het toegang tot hul koskas op tye soos vooraf bepaal.
- Moet asseblief nie te veel lekkernye inpak nie, anders eet kinders nie in die eetsaal nie.
- Geen kos of koeldrank mag in kamers gestoor of geëet word nie.

## 9. UITSLAAP

- Kinders mag slegs by ouers uitslaap gedurende die week.
- Die koshuismoeder moet eers in kennis gestel word indien die leerder uitslaap. Ouers mag nie net hulle kinders kom haal sonder dat die koshuis personeel daarvan weet nie.
- Kinders mag slegs naweke by maatjies gaan kuier en nie tydens die week nie.
- Dienspersoneel moet vooraf ingelig word wanneer ouers hul kind van die terrein wil neem – selfs vir kort tydjies.

## 10. BUSSE

- Die personeellid aan diens sal u kind op Sondae by die koshuis ontvang en help uitpak.
- Alle waardevolle items wat op die bus gebruik word, byvoorbeeld selfone, moet met aankoms ingehandig word en sal veilig bewaar word tot Vrydag wanneer ’n leerder weer vertrek.
- Ouers is verantwoordelik om vir leerders aandete in te pak vir Sondagaande.

## 11. SPEELGOED

- Speelgoed mag saam kom koshuis toe (duidelik gemerk).
- Moet asseblief nie te veel of duur speelgoed stuur nie.
- Speelgoed word op eie risiko skool toe gestuur.
- Geen speelgewere wat iets kan skiet word toegelaat nie.

## 12. TOEGANG TOT DIE KOSHUIS

- Koshuise is Sondae van 15:00 – 19:00 oop.
- Gedurende weeksaande sluit die koshuis 19:00.

- Indien ’n ouer sy/haar kind na vooraf reëlings vir die dag kom haal, moet die leerder teen 19:00 terug wees in die koshuis.
- Vrydae kan ouers 12:30 in die koshuis kom om u kind se goed te pak.
- Indien u kind met die bus ry, mag u die matrone in kennis stel van alles wat gepak en saamgestuur moet word.
- Geen ouer mag voor 12:30 in die koshuis wees nie, want dit belemmer die skoonmakers se taak.
- Die koshuis sal gedurende sportbyeenkomste gesluit wees en kosgangers sal eers na die dag se verrigtinge die koshuis kan binnegaan.

## 13. BESOEKE EN VERLAAT VAN TERREIN

- Ouers mag enige tyd hul kinders besoek. Hierdie reëling geld slegs vir ouers.
- Geen inwoner mag die koshuisgronde sonder die toestemming van die diensdoende personeellid verlaat nie.
- Geen koshuisganger mag Sondae die terrein verlaat nadat hy/sy afgelaai is nie.
- Indien leerders met ’n geleentheid ry na buitemuurse aktiwiteite, moet ouers die koshuismoeder per *Whatsapp* in kennis stel en toestemming gee.

## 14. ALGEMEEN

- Inwoners moet daarop let dat die koshuis soms deur toergroepe of tydens toernooie deur ander leerders gebruik word. Dit mag daartoe lei dat inwoners versoek mag word om hul kamer te ontruim. Die skool aanvaar geen verantwoordelikheid vir verlore of beskadigde goedere indien sulke kamers dan nie ontruim word nie.
- Ouers moet te alle tye verlof verleen aan kosgangers voordat hulle saam met ander mense per voertuig reis.
- Geen troeteldiere mag in die koshuis aangehou word nie.
- Geen plakkate word op die mure geplak nie. Dit word wel aan die binnekant van die kaste toegelaat indien die kas nie beskadig word nie.
- Leerders in skooldrag moet te alle tye netjies wees, met netjies gekamde hare en skoon gepoetste skoene.
- Sluit alle waardevolle besittings voor skool toe.
- Na middagete moet koshuisgangers reguit kamer toe gaan vir stilte. Kosgangers moet sorg dat hul reeds verklee is met die aanvang van stilte, sodat hy/sy rustig en stil op sy/haar bed kan verkeer. Geen rondlopery in koshuisgange word toegelaat nie.

- Indien ’n kosganger die naweek in die koshuis inbly, moet sy/haar ouers die toesighouer skriftelik in kennis stel. Dit kan per e-pos of *Whatsapp* na die toesighouer aan diens gestuur word. Leerders mag gedurende die week slegs uitslaap indien dit saam met sy/haar ouers is.
- Koshuisgangers word geldelik aanspreeklik gehou vir die kamer wat aan hulle toegesê is. Leerlinge betaal die onkoste verbonde aan die breek van ruite, bedplanke, klerehakke en ander skooleiendom.
- Geen spykers of drukspykers mag in die mure, deure of meubels geslaan word nie.
- Leerlinge wat besittings in die koshuis gedurende vakansies los, doen dit op eie risiko. Die skool kan nie verantwoordelikheid daarvoor aanvaar nie.
- Merk veral skoolklere en sweetpakke.
- Alle kaste moet ontruim wees gedurende vakansies en termynbreke.
- Huis Cora leerders mag na geen funksie gaan as hulle nie deur hul ouers of ’n volwassene vergesel word nie. Hulle mag nie saam met ouer boeties of sussies gaan nie.
- Leerlinge van Huis Cora mag geen kos in hul kamers aanhou nie.
- Indien daar ‘n probleem tussen kinders is, moet ouers asseblief nie die “ander party “ of sy/haar ouers konfronteer nie. Bring dit asseblief so gou as moontlik onder die aandag van die koshuismoeder wat dit sal hanteer.
- Volg asseblief altyd die regte kanale om sake op te los.

# EIENDOM

## 1. KOSHUISEIENDOM

- Koshuiseiendom moet versorg word asof dit aan jou behoort en mag onder geen omstandighede verwyder word van waar dit hoort nie.
- Elke inwoner word verantwoordelik gehou vir sy bed, matras en kas.
- Enige skade aan meubels of die gebou moet dadelik aan die koshuismoeder gerapporteer word en daar sal van die verantwoordelike inwoner verwag word om dit te herstel of vervang.
- Die koshuisgronde en -geboue moet te alle tye in 'n netjiese toestand gehou word.

## 2. PERSOONLIKE EIENDOM

- Koshuispersoneel aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige koshuisinwoner se eiendom wat beskadig of verlore raak nie. Sluit waardevolle items toe in ’n kas. Dit word aanbeveel dat sleutels deur die leerder gehou word.
- Alle kaste moet gesluit gehou word.

# TYDSROOSTER

| | AS SKOOL 7:00 BEGIN | AS SKOOL 7:30 BEGIN | AS SKOOL 8:00 BEGIN |
|---|---|---|---|
| **OPSTAAN** | 5:20 | 06:00 | 06:20 |
| **BYBEL** | 05:50 | 06:30 | 06:50 |
| **ONTBYT** | 6:00 | 06:45 | 07:00 |
| **MEDISYNE** | 06:30 | 07:15 | 07:30 |
| **MIDDAGETE** | 13:00 | 13:00 | 12:00 |
| **RUSTYD** | 13:25 – 14:00 | 13:25 – 14:00 | 12:25 – 14:00 |
| **INTERVENSIE** | 14:00 – 14:45 | 14:00 – 14:45 | 14:00 – 14:45 |
| **KOSKAS** | 14:45 | 14:45 | 14:45 |
| **SNOEPIE** | 15:30 – 16:30 | 15:30 – 16:30 | 15:30 – 16:30 |
| **SELFONE (DINSDAE & DONDERDAE** | 16:15 – 17:00 | 16:15 – 17:00 | 16:15 – 17:00 |
| **INSPEKSIE** | 17:15 | 17:15 | 17:15 |
| **AANDETE** | 17:45 | 17:45 | 17:45 |
| **STORT** | 18:30 | 18:30 | 18:30 |
| **BYBEL** | 19:30 | 19:30 | 19:30 |
| **LIGTE UIT** | 20:00 | 20:00 | 20:00 |

Hou die skool kalender en *broadcast*-groep dop vir addisionele programme en veranderende buitemuurse rooster.

## BENODIGHEDE

| | |
|---|---|
| Beddegoed vir 'n enkelbed | • Duvet<br>• Paslaken<br>• Kussing en kussingsloop<br>• Kombers<br>• Sagte speelding (opsioneel)<br>• Foto op bedkassie (opsioneel)<br>• Stoflappie om bedkassie en kas af te vee.<br>• Muskietnet (opsioneel)<br>• Matras beskermer |
| Klerehangers | • vir skoolklere, baadjie en sweetpak |
| Toiletware | • Seep & waslap/sponsie<br>• Sjampoe<br>• Haardroër – (Dogters)<br>• Tandeborsel en tandepasta<br>• Lyfroom<br>• Muskietsmeermiddel – nie spuitgoed nie.<br>• Sonskerm<br>• Sneesdoekies<br>• Wasgoedmandjie of wasgoedsak.<br>• 2 handdoeke – een vir bad en een vir swem |
| Medisyne | • Plaas alle medisyne in ‘n houer wat kan toemaak. Merk die houer duidelik met u kind se naam en u selfoonnommer.<br>• Voorsien basiese medisyne (pyn, koors, allergie, naar, hoes, verkoue). Indien daar bruistablette is, moet u asseblief ‘n glasie saam stuur, sowel as ‘n lepel vir stroop.<br>• Pleisters en salf.<br>• Daaglikse voorgeskrewe medisyne met dosis moet aangedui word op ‘n brief en aan die junior matrone oorhandig word.<br>• Indien ‘n kind siek is moet die ouer ook aandui watter medisyne aan die kind toegeken moet word.<br>• Medisyne word slegs toegeken deur die junior matrone.<br>• Medisyne word soggens en saans deur die matrone uitgedeel. |
| Skoonmaak van skoene | • Skoenborsel<br>• Swart skoenpolitoer – slegs die aansmeertipe |

Skoolklere

- 5 stelle skoolklere
- Skoolskoene met veters (seuns)
- 5 paar skoolsokkies
- Skooltrui
- Skoolbaadjie

Draklere

- 5 stelle gewone klere
- 2 stelle nagklere
- Genoeg onderklere
- Swembroek
- 1 stel netjiese klere
- 1 x plakkies/sandale
- 1x tekkies
- 1x pantoffels (opsioneel)
- 1x kamerjas (opsioneel)

Moet asseblief nie te veel klere stuur nie, want die kaste is nie so groot nie.

Hare

- Haarborsel/kam
- Knippies, kopbande, rekkies en bogies (donkerblou). Stuur asseblief ekstra saam in ‘n sakkie gemerk met u kind se naam op.

Slotte en sleutels


- Slot en sleutel
- Sleutels moet bandjie aanhê sodat dit om die nek kan hang
- Spaarsleutels word gemerk en ingegee by matrone.
- Slotte vir koskas en hangkas.

Bybel

# FOTO'S


## 1. KOSHUIS


















## 2. PRET BY HUIS CORA

















